

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING
WAT GEHOU IS OP 19 MEI 2018
TE BRITS LAPA, BULTFONTEIN



1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Voorsitter heet almal welkom. Peet Dorfling open met skriflesing en gebed.

2. TEENWOORDIG

H.Brenkman	B.vd Merwe	W.Jacobs	C.Breedt	P.Stigter
D.Marx	J.Murchie	S.Verster	A.de Beer	A.Jacobs
X.Jacobs	V.Jacobs	E.Brits	A.Nel	T.Nel
H.Roos	M.Roos	C.Wright	C.Pienaar	C.Lewies
P.Dorfling	C.Gough	P.Breet	D.Blyth	O.Prozesky
D.Venter	D.Jütersonke	W.G.Potgieter	Y.Hugo	M.Hugo
L.Lourens	C.Lourens	G.Niebuhr	J.Leeuwner	J.Hendrikz
C.Ayres	P.Gerber	C.Gerber	J.Gerber	H.vd Walt
P.Oosthuizen				

VERSKONINGS

G.vd Waal; E. Black; P.Goosen;	G.Lourens; M.Bezuidenhout; C.Theron;	N.Kemp; G.Herbst; T.Cooks;	C & C Walters; D.Botha; R.Gough.	D.Smit OB Oberholzer
--------------------------------------	--	----------------------------------	--	-------------------------

3. LIEF EN LEED

a. Geboortes:

- i. Gerhard en Jana Lourens – seuntjie
- ii. Hannes en Marietjie Roos – kleinkind
- iii. David Blythe – kleinseun
- iv. Sampie Verster – agterkleindogter
- v. Pat Breet – agterkleinkind (4)

Hartlik geluk aan al die ouers en grootouers.

b. Sterftes:

- i. Hannes Verster
- ii. Jimmy Frost
- iii. Kobus Kramer
- iv. Kobus Theron
- v. Debbie Smit se vader

Met innige meegevoel deel ons in die families se verlies.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE: 20 MEI 2017 EN 28 OKTOBER 2017

Die notule van 20 Mei 2017 word goedgekeur nadat lede kans gehad het om dit deur te gaan.
Voorgestel deur: Willy Jacobs Gesekondeer deur: Patrick Gerber

Die notule van die spesiale vergadering van 28 Oktober 2017 word goedgekeur nadat dit deurgelees is.
Voorgestel deur: Japie Leeuwner Gesekondeer deur: Collin Wright

5. VOORSITTERS VERSLAG

Die voorsitter, mnr Oosthuizen gee weer 'n samevatting van die geskiedenis:

Naam van Vereniging

Apiesrivier Landelike Brand Beskermings Vereniging

Datum van Stigting

18 Junie 2005

Datum van Registrasie en Registrasienommer

27 Maart 2006 Reg. No. 1742/01

Grootte van gebied

68 000 ha plus ongeveer 12 000ha van die Weermagbasis by Wallmannsthal wat bygekom het, dus 80 000ha altesame

Grense van gebied

Noord: Net voor Hammanskraal en Boekenhoutskloof grondpad

Suid: Bo-op die Magaliesberg

Oos: N1 Snelweg en Wallmannsthal grondpad

Wes: Mabopane snelweg R80

Bestuur : Tans bestaande uit die volgende lede:

Uitvoerende Komitee:

Voorsitter:	(Alpha 1)	Pieter Oosthuizen
Ondervoorsitter:	(Alpha 2)	Peet Dorfling
Sekretaresse:	(Alpha 3)	Andriette Jacobs
Tesouriere:	(Alpha 4)	Joey Gerber
Addisionele Lid	(Alpha 5)	Louis Lourens

Breë Bestuur:

Gekoöpteerde Brandhoof	(Bravo 1)	Chris Breedt
Gekoöpteerde Noodhulphoof	(Bravo 2)	Debbie Smit
Logistiekehoof	(Bravo 3)	Willy Jacobs
Gekoöpteerde Kommunikasiehoof	(Bravo 4)	Henri van der Walt
Junior Bestuurslid	(Bravo 5)	Xanthé Jacobs
Sosiale Aangeleenthede	(Bravo 6)	Dawn Marx
Administrasie en Koördinerings	(Charlie 1)	Tarien Cooks
	(Charlie 2)	Vakant
Ge-affilieerde lede van die SBBV		JP Botha en Bazil Grobler

Tshwane Stadsraad se bydrae

Daar is 348 brande gedurende die afgelope seisoen gerapporteer volgens die statistieke van Tshwane stadsraad. 'n Versoek gaan gerig word aan die Brandweer dat rekeninge (wat nooit vroeër gegee is nie,) wel uitgereik sal word in die toekoms. Daar is ook vier brandwaentjies wat teruggetrek is vir versiening wat moet terugkom. Toerusting sal versprei word op grond van die hoeveelheid lede in 'n gebied.

Bystand en Ondersteuning. Goeie samewerking tussen die BBV en Tshwane Brandweer se operasionele afdeling die afgelope jaar.

Die voorsitter verduidelik weer dat die reaksietyd van die brandweer om by 'n brand uit te kom, ongeveer 23 minute is. Hy vra dat lede die brandweermanne ook in ag sal neem deur hulp, of selfs 'n koeldrank of drinkwater aan te bied. Dieselfde geld vir ambulanse en ander nooddienste.

6. FINANSIES – A4VK

Joey lewer verslag van die finansiële stand van sake en lê die begroting voor.

Uit 2 200 plotte in die hele omgewing, is daar tans ongeveer 260 lede. Sy vra dat daar metodes ingestel word om meer lede te werf.

State:

Openingsaldo:	R 59 939.00
Inkomste 2017/18:	R 86 850.00
Uitgawes 2017/18:	R 51 538.00
Sluitings saldo:	R 95 251.00
Ledegelde:	R 81 380.00
Donasies:	R 5 440.00
Begroting vir 2018:	R 95 573.00

Vir volledige inligting asook begroting, sien aangehegde dokument.

'n Bespreking volg ten opsigte van die begroting. Die lugtyd vir die noodfoon het heelwat afgekom. Pieter vra dat daar geen videos of onnodige fotos op die groepe geplaas word nie. Marietjie Roos stel voor dat die uitsaai metode ("broadcast") in plaas van whatsapp groepe toegepas word.

C-Track: Die vraag het ontstaan of dit noodsaaklik is, waarop die voorsitter verduidelik dat dit 'n goeie bestuursmeganisme ten opsigte van die brandvoertuig, R2VK, is. Dit is deur die bestuur besluit.

Om kostes te bespaar, vra die voorsitter dat lede daaraan sal dink om ink of papier by maatskappye te kry, aangesien die drukwerk heelwat van beide verg.

Daar word ook bespiegel oor die nut van 'n rekenaar om al die portefeuljies se werk en inligting te sentraliseer en databasis op te dateer. David Blythe stel voor dat "cloud" gebruik word. Pieter verduidelik dat die finansies ook gedoen moet word, wat nie op "cloud" sal werk nie.

Marietjie Roos bied aan om 'n ongebruikte rekenaar te skenk, wat dat ook op die bate register geplaas kan word.

Toerusting: Blasers en seile. Daar word beplan om nog drie blasers aan te koop. Seile word vir die bakkiesakkies beplan om dit te beskerm.

Goedkeuring van Begroting.

Voorgestel deur Christo Ayres Gesekondeer deur Marietjie Roos

Mnr Nel bedank die bestuur dat hulle hulle eie selfone gebruik om kostes te bespaar.

Pieter vra uitdruklik dat ledegeld altyd met bewys ontvang word, om beide persone te beskerm.

Peet vra ook dat lede verseker dat die korrekte inligting betalings vergesel, nl. plot, naam en epos adres reg is.

Goedkeuring van Finansiële State: 2018

Voorgestel deur: Chris Breedt Gesekondeer deur: Marietjie Roos

Goedkeuring vir die voortgesette gebruik van JP Botha Ouditeure

Voorgestel deur : Louis Lourens Gesekondeer deur: Marietjie Roos

7. BRAND – (B1VK)

Grasbrande wat voorgekom het:

1 April 2013 – 31 Maart 2014 = 358

1 April 2014 – 31 Maart 2015 = 253

1 April 2015 – 31 Maart 2016 = 345

1 April 2016 – 31 Maart 2017 = 166

1 April 2017 – 31 Maart 2018 = 348

Die brandseisoen was langer as gevolg van min reënval.

Chris stel dit baie duidelik dat brandpermitte verkry moet word deur lede asook nie-lede indien daar beplan word om enigiets behalwe asgate gebrand moet word. Lg is verbode ten alle tye. Hy verduidelik dat brandvoertuie uit Soshanguwe, Hammanskraal en ander stasies getrek word indien daar nie 'n eenheid by Tshwane beskikbaar is nie. Dit beteken dat die reaksietyd langer as 23 minute kan wees. Chris verduidelik weer dat 'n brand suurstof intrek en sy eie wind maak, al is daar geen wind nie.

Detlef vra hoe die brandpermit lyk en wat dit behels. Pieter verduidelik die BGI (Brand Gevaar Indeks) en dat die BBV op hoogte van toestande moet wees. Die brandhoof moet die permit goedkeur en daar moet vir 'n periode van twee weke voorsiening gemaak word vir die mees gunstige omstandighede.

Detlef vra ook wanneer die beste tyd is om 'n brandpad te maak. Hy wil ook weet of die BBV se toerusting gebruik kan word vir paaie waar die gras hoog is. Chris noem dat dit gewoonlik vroeg in die oggend die beste tyd is, maar beklemtoon dat die area rondom skoon moet wees en dat die buurman ook in kennisgestel moet word nadat die permit goedgekeur is. Die BGI moet deurentyd dopgehou word. Die toerusting is beskikbaar vir lede. Die lede is egter self verantwoordelik vir hulle eie brandpaaie, dit word nie deur die BBV gedoen nie.

Peet stel dit duidelik dat die brand van padskouers baie riskant is en vra dat die lede daarvoor besin. Die veiligheid van eiendomme moet beskerm word. Pieter stel voor dat die buurt saamstaan om die gras te sny sodat toerusting nie onnodig by nie-lede gebruik hoef te word nie. Die toerusting kan wel as bystand gegee word. Die toerusting van die BBV is nie

voldoende vir grootskaalse brand van padskouers nie. Detlef stel dit dat so 'n aksie ook kan dien as 'n BBV inisiatief om mense bewus te maak van die vereniging. Peet verduidelik dat die BBV nie die vuurhoutjie kan trek en die verantwoordelikheid dra van so 'n aksie nie. Die lid moet dit self dra. Marietjie noem ook dat die toerusting daar is vir noodsituasies.

Voorstel om toerusting te gebruik om strate skoon te maak, word deur die vergadering afgekeur ten opsigte van kostes en beperkte kapasiteit.

Patrick stel dit duidelik dat die wet asgates en die brand daarvan verbied. Pieter verduidelik hoe moeilik dit is om 'n boete te laat uitreik. Daar sal weer met die Stadsraad gepraat moet word.

Brandopleiding sal weer aangebied word. Chris sal binne drie weke die datums verskaf.

8. NOODHULP – (B2VK)

Daar word 'n KPR kursus asook vlak 2 en 3 Noodhulp beplan. Daar word gevra hoeveel lede belangstel. 'n Buite instansie sal die opleiding gee. Kostes en datums sal deurgegee word.

Chris vra dat alle beserings op 'n noodgeval aangemeld sal word. Noodhulp vervang nie die ambulans of paramedici nie en lede moet asb direk die ambulansdiens skakel om tyd te spaar.

9. LOGISTIEK – (B3VK)

Willy verduidelik dat lede deur hom moet werk om toerusting te kry en dat slegs lede dit mag gebruik. Die ses eenhede (bakkiesakkies) van die BBV is onttrek na die brandseisoen vir diens en herstelwerk. Dit sal weer uitgeplaas word by goedgekeurde lede. Die stadsraad waentjies is onttrek en het nog nie teruggekome nie. Die vraag word gevra waarom die waentjies onttrek word en die BBV dit nie net hou nie. Peet verduidelik dat daar oorspronklik 'n ooreenkoms met die stadsraad was, nl. dat daar toerusting voorsien word in plek van ledegelde betaal deur die stadsraad. Indien die toerusting nie terugkom nie, sal die BBV moet kyk na rekeninge uitstuur, wat 'n langdurige proses kan wees. Willy onderneem om met die verantwoordelike persoon skakel.

Lede by wie toerusting staan moet verseker dat daar 24/7 toegang tot die perseel verkry kan word. Daar moet ook rekord gehou word van die gebruik van die toerusting. Lede moet teken indien 'n waentjie of bakkiesakkie geneem word.

Christo Ayres stel voor dat die bakkiesakkies op waentjies monteer word vir makliker hantering. Pieter wys daarop dat waentjies padvaardig sal moet wees en geregistreer sal moet word, wat hoë kostes kan beloop. Lede moet ook bewus wees van die feit dat versekering vir eie voertuie wat in noodsituasies gebruik word, of hoog is, of glad nie gedek word nie. Daar word eerder gewerk aan fondsinsameling om nog 'n voertuig aan te koop.

Marietjie Roos voeg ook by dat Tshwane besig is om bateregisters te hersien, wat kan wees hoekom die waentjies nog nie terugbesorg is nie. Sy versoek ook dat die vergadering die veiligheids aspekte bespreek. Me Roos versoek om verskoon te word en verlaat die vergadering.

Willy gaan voort om te verduidelik hoekom al die bakkiesakkies ingetrek is, nl. om almal deeglik deur te gaan en te diens en noem ook dat daar seiltjies (asook 'n gereedskapsak) vir elkeen, goedgekeur en begroot is vir beskerming.

Patrick wil weet of die bakkiesakkies nie verkoop kan word en die geld aangewend word vir 'n voertuig nie. Pieter verduidelik dat die toerusting betaalde eiendom is wat nogsteeds in die veld gebruik kan word indien daar 'n groot brand ontstaan en veral ook indien R2VK nie beskikbaar is nie. Dit gaan ook nog ten minste 'n jaar neem voordat daar genoeg fondse vir 'n ander voertuig sal wees.

Willy versoek dat lede na vore sal kom wie bereid is om toerusting te neem en die verantwoordelikheid kan dra. Die vereistes is opbetaalde lidmaatskap, gereelde radiogebruiker, konsensieuse rekordhouding. Wanaanwending sal veroorsaak dat die toerusting verwyder word. Geen persoonlike gebruik, chemikalieë of vuil water word toegelaat nie. Die lede moet inspeksie op toerusting te wagte wees.

Opleiding op R2VK word beplan sodat daar meer lede kan wees wat die voertuig kan hanteer.

10. KOMMUNIKASIE – (B4VK)

Henri aan die woord: Daar is 182 aktiewe roepseine huidiglik.

23 lede wat roepseine het, het nog nie betaal nie.

Daar het 14 nuwe stasies bygekom gedurende die jaar.

Stasies wat nie opbetaald is nie, gaan van die roepseinlys afgehaal word en word nie vir radiotoets geroep nie. Die bestuur het wel vergunning gegee vir meer as een roepsein en radio per perseel waar meer as een huis is. Hy stel dit duidelik dat die lede nie die toetsers se tyd mors deur nie die radiotoets mee te maak nie. Na die derde keer waar 'n lid nie antwoord nie, sal die roepsein dormant gelaat word.

Patrick Gerber noem dat sy area 'n interne radiostelsel het en dat hulle toetstyd dieselfde as die BBV s'n is. Henri vra dat daardie lede wel eenkeer 'n week hulle radios sal toets of dan 'n toets deur die dag sal doen met iemand. Peet verduidelik ook dat dit die radio is wat getoets word en nie die roepsein nie. Daar word klem gelê dat lede nie namens 'n ander lid kan toets nie.

Henri versoek ook dat elke lid self verantwoordelikheid sal neem om die bestuur in kennis te stel indien 'n telefoon nommer of e-pos adres verander asook indien persone uit die gebied wegtrek.

Henri verduidelik dat die persoon wat R2VK bestuur, die roepsein van R2VK gebruik tydens die rit.

Kode R: Indien lede vir meer as drie(3) dae agtereenvolgend uithuisig gaan wees, word 'n kode R aangegee vir die toetsers. Dit mag nie oor die radio gedoen word ter wille van veiligheid nie. Skakel of stuur 'n whatsapp.

Noodfoon: Die noodfoon moet eerste geskakel word vir brand om tyd te bespaar. Die foon word gebruik om inligting aan die lede oor te dra en kan ook dien om ander nooddienste te ontbied.

Webblad: Die nuwe webblad is in werking en gekoppel aan die Facebook bladsy.

Na aanleiding van 'n vraag: “ wat is die doel van 'n roepsein?” verduidelik Pieter dat dit die persoon se veiligheid beskerm en dat die persoon maklik geïdentifiseer kan word, waar meer as een lid dieselfde naam dra. Daar word ook gevra watter radios gebruik word, waarop Pieter verduidelik dat die BBV die 67MHz gebruik wat die wydste bandnetwerk is en ook Nasionaal gebruik word. Daar is 8 frekwensies op die netwerk. Kanaal 2 word landswyd gebruik as die noodkanaal. Die BBV gebruik kanaal 4 as werkskanaal, wat toegeken is sodat areas nie oorvleuel nie. Roodeplaat gebruik bv kanaal 5, ens. Die agtervoegsel VK dui die gebied aan. Dit is 'n tersiêre netwerk en die BBV betaal jaarliks fooie aan ICASA om die netwerk te gebruik.

11. TRUST

Louis Lourens verduidelik aan die lede die stand van die Trust wat voorgestel is deur die ouditeure om die BBV bates te beskerm. Trustees:

JP Botha (ouditeur)
Peet Dorfling
Andriette Jacobs
Joey Gerber
Adv Eugene J v Rensburg

Die registrasie van Seksie 18 sertifikaat vir belasting doeleindes, is tans in proses. Die bates, nl. Bakkiesakkies en Blaser is reeds oorgeplaas na die trust. R2VK sal oorgedra word sodra die waarde onder R100 000 is. Willy sal ook aan die ouditeurs die plasing van toerusting deurgee.

12. ALGEMEEN

- i. Pieter verduidelik aan die lede dat hy die bestuursposte met ondersteunings poste wil aanvul. Daar sal vir nominasies gevra word. Die uitbreiding van Charlie stasies, Bravo stasies tov kommunikasie, sosiale media, veiligheid, logistiek en finansies word be-oog. Die doel is om lede uit elke buurt te hê as koördineerders met die bestuur. Een persoon kan nie alles hanteer nie.
- ii. Pieter stel ook die vraag aan die vergadering hoe te werk gegaan moet word met die hantering van Tshwane stadsraad se onbetrokkenheid. Christo Ayres beaam dat die voertuie wat vroeër gegee was, goed gewerk het. Die voertuie is egter onttrek en afgeskryf. Japie Leeuwner stel voor dat daar deur die Openbare Beskermer gewerk word. Daar is nie fooie betaalbaar nie en die OB is daar om toe te sien dat die staat die wette nakom. Om self die stadsraad te dagvaar, kan maande duur en derduidende rande aan regskostes beloop. Eugene kan vir die BBV raad gee in hierdie verband. Peet stel voor dat beide metodes dalk oorweeg word. Geen besware word ingedien nie.
- iii. Veiligheid: Patrick wil weet hoekom 'n veiligheids portefeulje nodig is, aangesien elke buurt sy eie bedryf. Pieter verduidelik dat die BBV nodig het om met die buurte te skakel in die verband aangesien die noodfoon deur die BBV bestuur word. Dit sal nie inmeng of oorneem nie, slegs koördineer om saam te werk.
- iv. Ten laaste bedank Pieter die bestuur vir al die moeite wat hulle in eie tyd en uit eie koste doen vir die BBV. Die radio toetsers word elk bedank met 'n bos blomme asook die sekretaresse vir al die administratiewe werk. Pieter noem dat die gesindheid in die BBV gegroei het en positief is en versoek almal om saam te staan.

Die vergadering word verdaag.

Hierdie Notule is goedgekeur op

Voorgestel deur:.....Gesekondeer deur:.....

Geteken: Voorsitter:.....

Sekretaresse:.....